MAG VERKIESINGS

MANIFES, 2014:

RENTMEESTERSKAP!

1. Alhoewel enige landsburger wat aan die vereistes voldoen by Monitor Aksiegroep (MAG) kan aansluit of vir MAG mag ondersteun, is MAG nie skaam om te erk hoofsaaklike magsbasis uit die ondersteuning van die Blanke kiesers is nie.

LET WEL: MAG kom ook nie met 'n verkiesings manifes wat vol beloftes is nie, **maar** MAG vra u om ons te oordeel op grond van ons vertoning in die verlede, sedert 1991, en resultate.

2. As gevolg van die historiese verlede waarvoor die etiket van 'onderdrukker' om MAG se nek gehang word, verkies lede van ander gemeenskappe om nie openlik te assosieer nie en om hulle 'eie' partye te stig met die derglike doelwitte, maar "oop" vir almal.

3. MAG soek nie getalle in die Nasionale Vergadering nie, maar 'n platform vir 'n paar opgewasse verteenwoordigers om ons **SAAK** te stel. Vir die 20 jaar wat MAG in die Nasionale Vergadering vertee was, is met slegs één verteenwoordiger en genade van Bo, bo-menslike resultate behaal wat MAG (destyds as deel van die ACN 'sambreel') se ondernemings va 435-verkiesing betref.

3.1. **1989, ACN:** MAG aanvaar die opperheerskappy en leiding van God Drie-Enig ook as die oorsprong van alle gesag, in die lotgevalle van volkere, nasies en lande.

Resultaat: Ná 20 jaar was daar vier of meer partye, wat dit in hulle program van beginsels ingeskrywe het.

LET WEL: As ACN verteenwoordiger (dus vóór MAG stigting) was Mnr Koos Pretorius in 1989 met die opstel van Namibië se grondwet **alleen** gekant teen (sekulêr (wêreldlik, nie-godsdienstig) in die Namibiese grondwet. Sedertdien ondersteun o.a. selfs die C.C.N (Christian Churches in Namibia) sedertdien die t van godsdiens in skole se leerplanne. Die C.C.N is 'n sambreelorganisasie van verál swart kerke in Namibië. Tans is daar minstens 3 ander partye ook sekulariteit begrip.

3.2. **1989, ACN:** MAG aanvaar die verskeidenheid van volkere en/of bevolkingsgroepe, hul **inter**afh anklikheid, hulle **reg** tot **mede**seggenskap en **self**beskikkir **beginsel** van **vrye assosiasie**, wat universeel/**wêreldwyd erken word.**

Resultaat: Die ander gemeenskappe het gou hulle fout agtergekom en klein etniese partye het soos paddastoele opgeskiet veral onder die Hereros, Basters, Da Namas. Elkeen sogenaamd "oop" maar met sy magsbasis hoofsaaklik onder sy 'eie' mense. **MAG is steeds die enigste party wat** ondubbelsinnig as kampveg **regte van minderheidsgroepe, opstaan.**

LET WEL: Indien apartheid verkeerd was oor die gesindheid waarin dit toegepas was, **dan is** die dominerende integrasie beleid van die SWAPO party regeri onafhanklikheid mos **nétso** verkeerd!

3.3. **1989, ACN:** MAG aanvaar dat óók die Christelike sedewet oor naaste liefde tereg moet kom in staatkundige en samelewing strukture **in teenstelling met** er van dominasie. Die begrip van: "Doen aan ander soos wat jy aan jouself wil gedoen hê" kom ter sprake.

Resultaat: Dit is onomwonde bewys dat die sukses al dan nie van 'n stelsel nie soseer aan die beginsel gekoppel is nie, maar aan die **gesindheid** waamee dit toege Nie net MAG nie, maar alle partye, insluitend SWAPO organisasies, kla lank reeds herhaaldelik oor die manier waarop hulle insette en navrae eenvoudig g word.

LET WEL: Die wet op Tradisionele Owerhede **wettig** MAG se beginsel van verskeidenheid in eenheid. Maar dit is konsekwent op **diskriminerende** wyse só deurgevo Baster, Blanke, Boesman en Bruin (Kleurling) bevolkingsgroepe **uitgesluit** is uit deelname daaraan! Hieroor is by herhaling standpunt ingeneem in die openba parlement en in persoonlike geskrewe vertoë (sonder enkele erkenning van kennisname) deur Mnr Koos Pretorius, tot op die hoogste staatsampte, insl Ombudsman.

3.4. **1989, ACN:** MA beywer hom vir die nodige **balans** tussen regte **en** verantwoordelikhede van **beide** die individu **sowél as** die groep.

Resultaat: Slegs MA het bogenoemde standpunt gehandhaaf toe die grondwet van Namibië verwoord is. Groot was die skok van die ander kleiner partye toe afgelope 25 jaar moes ervaar dat die SWAPO party **slegs regte** en nie verantwoordelikhede nie, in die praktyk bevorder. Die werklike ervaring is dat die begrip slegs die SWAPO party ondersteuners omvat. Diegene wat nie SWAPO steun nie is niksseggend en sonder bestaansreg of berekening/inagneming.

LET WEL: Alhoewel die SWAPO party se verteenwoordiging in hulle hoogste besture ook groepe verteenwoordig (oues van dae, vrouens en die jeug) word Nam SWAPO regeer volgens die "imperialis en kolonialis" (wat 'n anomalie!) se stelsel van **slegs** individuele regte.

3.5. **1989, ACN:** MA aanvaar 'n Christelike, demokratiese en vryemark stelsel.

MA aanvaar die Tien Gebooie in die Bybel as sy **handves van verantwoordelikhede.**

LET WEL: Private eiendomsreg word bo alle twyfel ondersteun. Diefstal, korrupsie en selfverryking word sterk afkeurend aangespreek.

Sonder enige huiwering is die belangrikste **fundamentele** grondslag van MAG dat **alle** gesag van God Drie-Enig af kom. Aanvaarding van die gesag van die ouers word **bo alle twyfel** gestel. Netso ook dat hulle geëer sal word (Vyfde Gebod).

Ook MA se standpunt ten gunste van 'n beskaafde pak slae en doodstraf deur 'n **bevoegde hof** word volgens die Christelike benadering van tug en straf onderskra

MA **verwerp** enige poging om werkloosheid te probeer oplos gebaseer op die verlaging van standaarde, inkorting van produksie en die kweek van 'n be mentaliteit.

verwerp MA enige beleid wat gebaseer is op ras en kleur en waar **meriete nie** 'n rol speel **nie**.

verwerp MA elke poging van die SWAPO party om gelyke geleenthede te skep, **maar dan** deur wetgewing bepaal dat daar 'n duidelike skeiding moet wees gebaseer benadering van "ons" en "julle", soos t.o.v die Tradisionele Owerhede **en** die Arbeids wetgewing.

4. MA **sal sy gewig ingooi** by enige politieke party, nie regeringsorganisasie, burgerregte groepering(s) en individue wat hulle beywer vir:

4.1 Arbeidswetgewing wat daarop ingestel is om eerder werksgeleenthede en nie groter arbeidsonrus nie, te skep. Die instroming van oosterlinge en vreemdelinge is diskriminerend teen ons eie gebore Namibiese werkerskorps. MAG ondersteun amptelike verbod op stakings wat teen die nasionale bela

4.2 Die onmiddellike hersiening van regstellende aksie wetgewing en praktyk, sowel as onbillike ekonomiese bemagtiging wat **slegs enkele persone** bevo Die beginsel van **MERIETE** behoort die grondslag van alle aanstellings op alle werksvlakke te wees.

4.3 Onderwys, opleiding en veral opvoeding wat gebaseer is op dieselfde vereistes en waardes as in die ouerhuis. Dit sluit in moedertaal onderrig in skole **moontlik.**

4.4 'n Kieserslys wat 'n ID verpligtend maak **as 'n vereiste** om as kieser te registreer.

4.5 Die voorkoming van die ineenstorting van die staatsdiens, **sowel as** die infrastruktuur van die land. Daar moet 'n sinvolle en betekenisvolle korttermyn wees en nie 'n misleidende "pie in the sky" wat vir 2030 beloof word nie.

5. MA wil graag sy dank uitspreek teenoor diegene in die regering en staatsdiens, insluitende SWAPO partylede wat, nieteenstaande frustrerende omstandigh bes doen om te verhoed dat die "skip sink".

6. MA wil sy teleurstelling uitspreek dat dit nie 'n verteenwoodiger in die Nasionale Vergadering gehad het die afgelope vyf jaar nie. MAG het sowat 200 stemr om dit reg te kry. En hierdie was uitsluitlik die toedoen van diegene wie nie **WOU** registreer of nie **WOU** moeite doen om te stem vir MAG nie!

7. Dit is vir MAG **uiters** betreurenswaardig en is waarlik immoreel dat, te midde van die oordadigheid aan onlangse salaris verhogings **en byvoordele** van parlementslede en staats- asook semi-staats instellings, daar **onverskoonbaar verwag** word dat bejaardes op sodanige huidige jammerlike pensioen moet krepeer. Met die Vyfde Gebod **duidelik** sprekend, sien MAG dit as 'n **morele plig** dat pensioene nie net "opwaarts aangepas word in 2015" nie, maar **minstens verdubbel** word, verkieslik meer.

8. MAG sien duidelike werkbare **moontlikhede** van doelmatige **samewerking** met **alle** gemelde groepe (soos in para 4 bo gestel) onder **'n federale bestel** so Turnhalle Konsep Grondwet (TKG) 1976 **op konsensus besluit is** (dus **sonder** één teenstem) deur die Turnhalle Beraad besluit is. Hierdie TKG was toegepas in di (onder Wet AG 8 vir 10 jare… 1980 tot 1989) as synde 'n suksesvolle en redelike rustige periode van regering te gewees het, waar daar 'n relatiewe effektiewe re die eerste, tweede en derde vlak van regering beleef is **sonder** (soos sedert onafhanklikheid) massa demonstrasies, stakings, geweld, stropery, diewery en (honderde miljoene-gewys) soos die afgelope meer dan 'n dekade toenemend ervaar is in Namibië, en dit nogal **nadat** "freedom" deur Swapo hoog gespeel i Resolusie 435-verkiesing, en steeds daarna… …

9. MAG gaan sy uiterste bes doen om volgens Arts 3.1 en 3.2 van sy "Program van Beginsels" met alle ander minderheids partye in Namibië in ernstige gesprek t daarmee vol te hou) oor die gulde geleentheid/hede om **sonder prysgawe van enigeen se eie identiteit** oor **beginsel sake** wat **almal** raak, eendragtig in die parl sodanige beginsel **SAAK** te argumenteer en te stem… Reg of verkeerd ~ ons bespiegeling dat huidig het SWAPO sedert die wegbreek deur die COD, en late (beide **hoofsaaklik** uit SWAPO se ondersteunings-groep), sowat, **40% steun**-basis oor waarmee hulle die afgelope Grondwet wysigings deur gestoomroller parlement…

TEN SLOTTE: MAG glo dat as diegene wat té onbetrokke was om die afgelope twee geleenthede vanjaar te kon registreer en gereed sou kon gewees het o November te kon stem, en wie se gewetes hulle **nou** nog nie pla nie, hulle, met **gróót** teleurstelling vir ons, ongelukkig afgeskryf sal moet word (en deur hul eie nou ontkieser is)… Dit is tog jammer dat vir die volgende minstens 5-jaar termyn hierdie afsydiges maar beskou sal word as diegene wat jammerlik saam met d dobber met die gedurige verskoning: *"….wat help dit tog?!...." of "ek was te besig"…*

Wees paraat en skrik wakker!!

BLY 'N KRAG –

STEM VIR MAG

MAG het werklik **groot behoefte** aan 'logistieke steun'. Indien u bereid is om enige hulp en steun te verskaf van nou af tot met die verkiesing, en veral op **stemdag (\ November 2014)** skakel asb met die Voorsitter, **sel nr 081 200 4040** of **064403232** of

stuur **verkieslik 'n**

e-pos aan **noltesaf@ africaonline.com.na**

Baie dankie by voorbaat!)